## Plaaslike ekonomiese vooruitsig: Februarie 2010

# 2010 sal verbruikerspanning verlig

deur Tendani Mantshimuli, ekonoom, Liberty Life

Verlede jaar was ‘n tyd van geweldige finansiële spanning vir verbruikers. Suid-Afrika is egter uiteindelik uit sy resessie en belangrike ekonomiese syfers dui op ‘n verbetering.

## Verbruikers steeds wankelmoedig

Verbruikersbesteding het in die derde kwartaal van 2009 steeds gedaal, hoewel slegs met 2% vergeleke met die daling van 6.1% in die tweede kwartaal. Besteding in die kleinhandel was ook laer in November 2009. Mense bestee minder as gevolg van ‘n paar redes:

- **Werksverliese** en die vrees daarvoor. In die eerste drie kwartale van 2009 was daar byna 800 000 werksverliese. [i].
- **Swakker algehele huishoudelike welvaart**, wat bates soos huise en aandele insluit. Hoewel aandele teen die einde van 2009 al hoe beter gevaar het, het huispryse laag gebly.
- **Hoë skuldvlakke**. Huishoudelike skuld het in die derde kwartaal van verlede jaar 79% van besteebare inkomste beloop. Omdat mense nou huiwerig is om hul besteding met krediet te finansier, het die hoeveelheid krediet wat aan verbruikers toegestaan is, ook in November 2009 gedaal.

## Tekens van herstel in die vervaardigingsektor

Noudat die land amptelik uit die resessie is, het ons tentatiewe tekens van verbetering begin sien in die toonaangewende syfers wat gebruik word om ekonomiese prestasie te meet. Die mees onlangse statistieke dui daarop dat hierdie uiters belangrike sektor steeds voortgaan om te verbeter en dit is bemoedigend dat toonaangewende aanwysers van vervaardigingsaktiwiteite in die maande wat voorlê, ook dui op volgehoue verbetering. Uitvoere sal dalk eers begin verbeter wanneer die verbruikersvraag uit die geledere van ons vernaamste handelsvennote begin toeneem.

## 2010 ‘n matige verbetering

Kyk ons vooruit na 2010, is daar ‘n verwagting dat ons Bruto Binnelandse Produk (BBP) verder sal toeneem met ‘n positiewe groeikoers van minstens 2.5%. Die groei sal gesteun word deur aktiwiteite wat verband hou met die FIFA-Wêreldbeker, vervaardigingsproduksie en staatsbesteding op infrastruktuur.

Ongelukkig sal hierdie groeikoers nie voldoende wees om verlore werksgeleenthede te herwin, of om nuwe geleenthede te skep nie. In Suid-Afrika maak plaaslike besteding byna twee derdes (66%) van ons ekonomiese opbrengs uit. Ons ekonomiese herstel kan dus alleenlik bo die verwagting in stand gehou word indien verbruikersbesteding toeneem.

## Positiewe vooruitsig vir huishoudings

Daar is ‘n paar positiewe faktore wat na verwagting verbruikersvertroue sal bevorder en terselfdertyd aan besteding ‘n hupstoot sal gee:

- **Inflasie** sal na verwagting gedurende die eerste deel van 2010 terugbeweeg binne die teikenveld. ‘n Nog belangriker aspek is dat **voedsel-inflasie** se afwaartse neiging sal voortduur.
- **Huishoudelike welvaart** sal verbeter namate huispryse styg en indien die vertoning van aandele op die huidige vlakke bly.
- Druk op besteebare inkomste sal afneem sodra **ekonomiese groei** posvat.

- **Rentekoerse** sal waarskynlik nie styg nie, dus sal die koste van skuldvereffening op lae vlakke bly. ‘n Verdere rentekoers-verlaging kan nie uitgesluit word nie, hoewel die kanse daarvoor op die oomblik skraal lyk.

---

[i] Stats SA